LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

TAALBELEID

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

TAALBELEID

DATUM HERSIEN: MEI 2021

Die Laerskool Anton van Wouw ('**die Skool**') is 'n Openbare Skool in die Gauteng Provinsie van Suid-Afrika, gebonde aan die toepaslike Grondwetlike en wetlike bepalings wat taal van onderrig in Openbare Skole binne die provinsie reguleer.

Die Beheerliggaam van die Skool ('**die Beheerliggaam**') is gemagtig om die taalbeleid van die Skool vas te stel en aan die Gauteng Departement van Onderwys ('**GDO**') voor te lê, binne bogemelde raamwerk.

Die Beheerliggaam het die volgende beleid ten aansien van taal by die Skool goedgekeur:

1. DIE SKOOL EN BEHEERLIGGAAM SE BEGINSELS EN OORTUIGINGS RAKENDE ONDERRIGTAAL

1.1 Doeltreffende kommunikasie is onontbeerlik vir suksesvolle en sinvolle onderwys. In hierdie konteks moet 'n opvoeder en leerder ten minste redelik bedrewe wees in die taal van onderrig.

1.2 Dit is nie in die beste belang van 'n leerder dat sy/haar keuse van onderrigtaal aanvaar word terwyl sy/haar bedrewenheid in die betrokke taal sodanig te kort skiet dat hy/sy nie in staat is om volgens sy/haar vermoë te presteer nie.

1.3 Die vordering van leerders wat genoegsaam bedrewe is in die taal van onderrig van die Skool, behoort nie vertraag te word weens die toepassing van spesiale taalvaardigheidprogramme of die toedeling van bykomende tyd aan leerders met onvoldoende bedrewenheid in die betrokke taal van onderrig nie. Leerders mag nie benadeel word deur 'n ander leerder, of groep leerders, wie se keuse van 'n onderrigtaal verskil van die voertaal soos goedgekeur deur die Beheerliggaam nie.

1.4 Die voorvereiste van redelike praktiese uitvoerbaarheid, wat gekoppel is aan die reg van 'n leerder om sy taal van onderrig te kies, hou nie slegs verband met die hulpbronne van die Skool nie, maar ook met die mate waartoe die leerder waarskynlik bevoordeel, en ander leerders waarskynlik benadeel word, indien onderrig in die betrokke taal aan die betrokke leerder verskaf word.

1.5 Gebaseer op die huidige menslike- en materiële hulpbronne van die Skool, is die Skool ten beste toegerus om die opvoedkundige behoeftes van leerders met Afrikaans as Moedertaal te bevredig. Derhalwe sal die behoeftes van sodanige leerders voorkeur geniet, waar dit ookal nodig mag wees, om die voorkeurorde van leerders se behoeftes te bepaal.

2. VERBODSBEPALINGS

2.1 Daar mag nie direk of indirek teen enige leerder gediskrimineer word, op grond van sy/haar taal nie.

2.2 Taaltoetse mag nie 'n voorvereiste vir toelating tot die Skool wees nie. Die skoolhoof is

egter by magte om ‘n waargenome gebrek van bedrewenheid in die skool se onderrigtaal van die applikant leerder te rapporteer aan die GDO vir ‘n toepaslike plasing.

3. TAAL VAN ONDERRIG

3.1 Die taal van onderrig van die skool is Afrikaans.
3.2 Elke leerder, of voornemende leerder, het die grondwetlike reg om onderrig te ontvang in die amptelike taal van sy keuse by ‘n openbare skool, met dien verstande dat onderrig in sodanige taal redelikerwys prakties uitvoerbaar is.
3.3 Die ouer van die leerder oefen namens die leerder die gemelde reg om die taal van onderrig te kies, uit.
3.4 Die Skoolhoof moet ‘n rekord hou van alle versoeke vir onderrig in ‘n ander taal as Afrikaans.

4. TAAL VAN ASSESSERING

4.1 Die taal van assessering sal Afrikaans wees, behalwe in die vakgebied Engels, waar die assessering in Engels sal wees.

5. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

5.1 Die Beheerliggaam en die Skool onderneem om Engels as volwaardige vak by die Skool aan te bied.
5.2 Die Beheerliggaam, namens die Skool, onderneem ook om alles prakties moontlik te doen om die volgehoue aanbieding van Sepedi in die Grondslagfase (minstens in Graad 2) te bevorder.
5.3 Onderworpe aan beskikbare fondse, sal die Skool toepaslike Engelse- en Sepedi leermateriaal aankoop vir gebruik van leerders en opvoeders van die Skool, met die doel om leerders se bedrewenheid in Engels en Sepedi te verbeter.

6. KOMMUNIKASIE MET OUERS

6.1 Afrikaans is die taal van kommunikasie met ouers.
6.2 Die Beheerliggaam onderneem om, waar prakties moontlik, in Engels te kommunikeer in persoonlike kommunikasie met ouers wie se eerste taal nie Afrikaans is nie.

7. TALE AS VAKKE

7.1 Die toedeling van tyd en hulpmiddele moet eweredig wees met betrekking tot die taalvakke by die Skool aangebied, soos vereis deur die kurrikulum vir huistaal- en eerste addisionele taal onderrig.

8. DIVERSITEIT

8.1 Die opvoedingsproses by die Skool moet daarop gemik wees om ‘n kultuur van respek vir die land se diverse taalgemeenskappe te kweek.

_



_____ _____

HOOF **BEHEERLIGGAAM VOORSITTER**

DATUM: 1 MEI 2021